

WOEMABOEKE 10 Jaar!

[www.woemaboek.com](http://www.woemaboek.com)  
Afrikaans Eerste Addisionele Taal  
Begripstoets  
Totaal: 10

### Instruksies

1. Lees die begripstoets hieronder baie goed deur.
2. Beantwoord dan die vrae wat volg.

### Hiep, hiep hoera!

Die meeste kinders hou daarvan om hul verjaarsdae te vier *celebrate*. En daar is baie redes om verjaarsdae *birthdays* te hou. Miskien is jou hoogtepunt *highlight* die verjaarsdagkoek. Of dalk kan jy nie wag om die presente oop te skeur *rip* nie!

Jy weet seker as jy jou kersie *candle* met een asem *at once* doodblaas, jou wens waar sal word *granted*? Maar weet jy wat is jou goue *golden* verjaarsdag? Dit is wanneer die dag waarop jy verjaar en jou ouderdom dieselfde syfer is.

Jy kan bly wees as jy nie in Japan woon nie. Hier vier hulle nie elke verjaarsdag van 'n kind nie. In die antieke tye *anchient times* is kinders gereeld op 'n jong ouderdom oorlede. Dus word daar vandag in Japan op 15 November 'n fees gehou, naamlik die 7-5-3-Fees. Dit dui *shows* op die ouderdom van die kinders wat hulle verjaarsdag mag vier. Ouers in dié land vier net hul kinders se verjaarsdag wanneer hulle drie, vyf en sewe word. Dis nogal sleg, nè?

Jy kan seker nie wag tot jy weer verjaar nie? Daar is mense reg oor die wêreld wat baie lank moet wag om te verjaar. Hulle is op 29 Februarie gebore. 29 Februarie staan as skrikkelag *leap day* bekend. Dit beteken hulle verjaar net elke vierde jaar.

Terwyl jy vir jou volgende verjaarsdag wag *wait*, sal jy dit dalk interessant vind om te weet dat daar baie in een jaar kan gebeur:

- Jou hare sal omtrent *about* 12 cm gegroei het.
- Jy sal omtrent 1 460 drome gehad het.
- Meer as 76,5 miljoen mense word in een jaar gebore.

En wat is 'n verjaarsdag dan sonder 'n verjaarsdagkoek? Wat is jou gunsteling geur *flavour*? Reg oor die wêreld kies die meeste mense sjokolade vir hul verjaarsdagkoek! Kan jy aan nog geure dink?

## Vrae

1. Kyk na die opskrif van die leesstuk. Pas hierdie opskrif by die leesstuk?  
Onderstreep die regte antwoord om jou antwoord te motiveer:  
A. Ons sê dit as iemand wakker word op hulle verjaarsdag.  
B. Dit is hoe ons iemand geluk wens.  
C. Dit is 'n uitroep van vreugde en 'n verjaarsdag is 'n tyd om bly te wees. [1]
2. Kyk na paragraaf een. Die skrywer noem twee redes waarom dit lekker is om te verjaar.  
Voltooi: Jy eet koek en jy kry \_\_\_\_\_. [1]
3. Wat moet jy op jou verjaarsdag doen vir 'n wens om waar te word? [1]
4. Kies die regte antwoord.  
'n Goue verjaarsdag is wanneer \_\_\_\_\_  
A. daar goue ballonne in die huis is.  
B. jy op 5 Mei vyf word.  
C. die tema van jou die partytjie 'goud' is.  
D. Jy een-en-twintig word. [1]
5. In watter land het kinders jare gelede nie oud geword nie? [1]
6. Jan is sewe jaar oud en woon in Japan. Op watter dag vier sy ma sy verjaarsdag? [1]

7. 2020 was 'n skrikkeljaar.

Wanneer sal mense wat op skrikkeldag gebore was, "weer verjaar"?

[1]

Noem die dag, maand en jaar.

8. Onderstreep die verkeerde sin:

A. Jou hare groei 24 cm in 'n jaar.


B. Jy droom meer as 1 000 drome in 'n jaar.

C. In een jaar, word daar omtrent 75 miljoen mense gebore. [1]

9. Wat is die gunsteling geur koek ter wêreld? [1]

10. Noem een ander geur behalwe sjokolade wat mense vir 'n [1]

verjaarsdagkoek kan kies. [10]



WOEMABOEKE 10 Jaar!

[www.woemaboek.com](http://www.woemaboek.com)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## Antwoorde

1. Ja. (geen punt)  
C. Dit is 'n uitroep van vreugde. [1]
2. presente [1]
3. Jy moet al die kersies op jou koek gelyk doodblaas/met een asem doodblaas. [1]
4. B. jy op 5 Mei vyf word. [1]
5. Japan [1]
6. 15 November [1]
7. 29 Februarie [1] 2024 [1]
8. A. Jou hare groei 24 cm in 'n jaar. [1]
9. sjokolade [1]
10. vanilla, lemoen, koffie ens. [1]

**[10]**